# Les 15 JESUS CHRISTUS IS ONS DINAMO IN DIE HEMEL – HY DRAAI SY VRYSPRAAK NA ONS TOE, EN ONS VEROORDELING NA HOM TOE

## 1. God oordeel sondaars

Kom ons lees Openbaring 20:11 tot 15:

*„[11] Toe het ek ŉ groot wit troon gesien en Een wat daarop sit. Die aarde en hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. [12] Ek het die dooie, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook ŉ ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het. [13] Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. [14] Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. [15] As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi."*

Hierdie verse beskryf God se laaste oordeel aan die einde van die wêreld. Hier vind 'n groot hofsaak plaas. Die troon is die regterstoel van die Regter. Jesus is die Een wat op die regterstoel sit. Jesus is die Regter.

Wat doen Jesus? Hy verhoor en veroordeel sondaars. In die Evangelie word dit elke Sondag só bely:

*"Ons glo .. in Jesus Christus die eniggebore Seun van God, ons Here, wat sit aan die regterhand van God die Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel, die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het."*

## 2. Waaroor gaan 'n verhoor en veroordeling alles?

Hierdie verhoor en veroordeling deur Jesus word beskryf met die beeld van die boeke wat oopgemaak word. Dit is maar net 'n beeld waarmee vir ons verkondig word dat Jesus met die groot oordeelsdag:

1. Alle dade van mense gaan bekendmaak. Alle sondes van sondaars gaan in hierdie hofsitting deur Jesus oopgemaak word. Geen sonde word oorgesien of geheim gehou in hierdie hof nie. Alles word vir almal daar oopgemaak.
2. Mense gaan volgens hulle lewe verhoor word. 'Verhoor' beteken dat die Here jou gaan aankla vir alles wat jy verkeerd gedoen het, sodat jy jouself moet verdedig.
3. Ná hierdie aanklag vind die oordeel plaas. Jesus maak ŉ bevinding. Hy gee vir jou ŉ naam wat by jou sonde pas. Hy sê jy is 'n moordenaar, ŉ egbreker, ŉ Godslasteraar, ŉ dief, of ŉ rebel.
4. Na hierdie veroordeling vind die vonnis plaas. Dit is wanneer Jesus mense oorlewer om vir ewig deur God weggedryf te word; dit is om vir altyd te leef onder die toorn van God.

   Julle moet nooit dink dat die hel 'n plek van vuur en vlamme is waar die duiwel regeer nie. Dit is sommer 'n storie. Die hel is om vir ewig onder die toorn van God te leef. Dit beteken God hou vir altyd al jou sondes teen jou. Jy kan nooit weer met Hom praat, Hom aanroep of op Sy hulp en liefde reken nie. Dít is die ewige hel.

## 3. Hoekom doen die Here dit?

Kom ons lees Psalm 10:

*"Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood? [2] Die goddeloses is vol van hulleself, hulle vervolg 'n hulpelose man. Laat hulle gevang word deur die sluwe planne wat hulle self uitgedink het. [3] Die goddelose verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry. Die een wat hom wil verryk ten koste van 'n ander, wens homself by voorbaat geluk. Hy verag die Here. [4] Neus in die lug sê hy: "God vra tog geen rekenskap nie!" In al sy planne is daar geen plek vir God nie. [5] Dit gaan mos altyd goed met wat hy aanpak. U oordele is vir hom te ver weg, buite sy gesigsveld. Hy snork met veragting oor al sy vyande. [6] Hy dink: ek sal nie wankel nie en die ongeluk sal my nooit tref nie. [7] Hy lê 'n vloek op almal, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg. [8] Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle in die geheim. Hy loer rond in die donker. [9] Hy lê op die loer in 'n wegkruipplek soos 'n leeu agter 'n bos, hy lê op die loer om die hulpelose te vang. Hy vang hom en trek hom vas in sy net, [10] hy slaan hom dat hy inmekaar sak. So kry hy die arme mens in die hande. [11] Hy sê vir homself: "God steur Hom nie daaraan nie, Hy kyk weg, Hy sal dit nooit raaksien nie." [12] Kom tog, Here! Toon u mag, o God! Moet die hulpeloses tog nie vergeet nie. [13] Hoe durf die goddeloses God verag en reken Hy sal hulle nie uitvind nie? [14] En die hele tyd het U dit gesien, die lyding en verdriet. U let daarop en maak daar 'n einde aan. Op U verlaat die ongelukkige hom, ook vir die weeskind is U 'n helper. [15] Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en van die misdadiger, straf sy misdade! Moenie een enkele van sy misdade verskoon nie. [16] Die Here bly altyd koning, die vyande is uit sy land verdryf. [17] U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed. [18] U behartig die regsaak van die weeskind en van die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie."*

Om sondaars te veroordeel, is God se manier om rekenskap te eis van sondaars. Kyk 'n bietjie wat doen sondaars in vers 11! Hulle dink God steur Hom nie daaraan dat hulle mense besteel,  vermoor, mishandel, bedrieg en bedreig nie.

Wat sal julle van so 'n God dink? As iemand Sy mense só behandel en dan kyk Hy weg en maak asof dit nie gebeur nie? Wat sal jy van jou pa dink as ander grootmense jou sommer slaan,  mishandel en jou goed steel, en hy maak asof hy dit nie raaksien nie? Hy steur hom nie aan wat ander mense met jou doen nie?

Dit is hoekom God mense veroordeel! Kyk weer na vers 18! Hy behartig die regsaak van Sy kinders. Hy verskoon niemand wat  sonde doen nie, al dink hulle God steur Hom nie daaraan nie. Hy gee om vir mense wat hulpeloos is teen die sondes van  ander mense!

## 4. Die teenoorgestelde van veroordeel – vryspreek

Kom ons lees Gal. 3: 6:

*"So was dit ook met  Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek.""*

Om iemand vry te spreek, beteken dat daar bevind word dat hierdie mens niks het waarvoor hy aangekla kan word nie, dat daar niks is waarvoor hy veroordeel kan word as 'n sondaar nie, en dat daar geen vonnis is vir so 'n mens nie.

Hoe dink julle kon Abraham vrygespreek word? Onthou Gal. 3: 11: *" En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie,...".* Dit beteken dat daar nie één mens in die wêreld is wat ooit vrygespreek kan word volgens die Tien Gebooie nie. Almal oortree die Tien Gebooie. Volgens die Tien Gebooie moet God ons almal veroordeel as slegte en moedswillige sondaars.

Nou hoe is Abraham dan vrygespreek?

**5. <u>Jesus is ons dinamo: Hy is onskuldig veroordeel</u>**

Kom ons lees Johannes 18: 28 tot 31 en 19: 4 tot 11!

**Johannes 18:28 – 31:**

*"28 Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie maar die paasmaaltyd sou kon eet. 29 Pilatus het buite na hulle toe uitgegaan en gevra: "Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?" 30 Hulle het hom geantwoord: "As hy nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie." 31 Pilatus sê toe vir hulle: "Vat julle hom en veroordeel hom volgens julle wet." Maar die Jode sê vir hom: "Ons mag nie iemand teregstel nie."*

**Johannes 19:4-11:**

*"4 Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: "Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie." 5 Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: "Dit is die mens!" 6 Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: "Kruisig hom! Kruisig hom!" "Vat júlle hom en kruisig hom," sê Pilatus daarop vir hulle, "want ék vind geen skuld in hom nie." 7 Die Jode sê toe vir hom: "Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het." 8 Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger geword. 9 Hy het weer in sy ampswoning ingegaan en vir Jesus gevra: "Waar kom jy vandaan?" Jesus het hom egter nie geantwoord nie. 10 Pilatus sê toe vir Hom: "Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie?" 11 En Jesus antwoord hom: "U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter skuld."*

Kyk wat gebeur alles met Jesus! Pilatus is 'n regter en Jesus staan voor hom in die hof.

Wat gebeur met Jesus?

- 18:30 Hy is aan die hof uitgelewer as 'n misdadiger.
- 18:31 Hy word uitgelewer om veroordeel te word.
- 19:4 Hy word onskuldig bevind.
- 19:6 Hy word oorgelewer om 'n doodsvonnis te ontvang, al word Hy deur die regter onskuldig bevind.

Wie laat dit met Jesus gebeur?

Kyk na Johannes 19: 11!

Wie het aan Pilatus die gesag gegee om so teen Jesus op te tree? Dit is God die Vader!

Wat doen God die Vader met Jesus, Sy eniggebore Seun? Hy laat Hom uitlewer aan 'n hofsaak waar alles oopgemaak word: Hy word aangekla, beskuldig, ondervra, onskuldig bevind, en dan tóg oorgelewer om die vonnis van 'n sondaar en misdadiger te ontvang.

Jesus draai die hele oordeel van God om: Hy is nie 'n sondaar of misdadiger nie, maar Hy word deur God die Vader só veroordeel.

| Die Vader laat Sy eniggebore Seun ’n misdadiger en sondaar noem! |
|---|

**6. <u>Jesus is ons dinamo: Ons wat sondaars is, word nie veroordeel nie</u>**

Kom ons lees Romeine 8:1 en 31 tot 34 saam met 1 Joh. 4 :17!

**Romeine 8:1 en 31-34*:***

*“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie...*[31] *Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?* [32] *Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?* [33] *Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry.* [34] *Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons”.*

**1 Joh.4:17:**

**“**[17] *Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus.”*

Wat sê Romeine 8 vers 1? Gaan ons wat ketels is en in Jesus vasgemaak is met die bruindraad, veroordeel word?

Wat sê Romeine 8 vers 33? Gaan Jesus op die troon ons ooit vir ons sondes laat aankla? Wat gaan Hy doen?

Wat sê Romeine 8 vers 34? Kan jou gewete jou nog oor jou sondes aankla en sê God hou jou sondes teen jou?

Kyk mooi wat doen Jesus vandag in die Hemel vir jou sondes, en wat gaan Jesus op die oordeelsdag vir jou doen – Hy pleit vir ons!

Onthou nou wie is die Regter! Dit is Jesus. Wat doen die Regter vir die wat in Hom glo? Hy pleit vir hulle – Hy sorg dat hulle nie eens as veroordeeldes in die hof voor God kom nie. Hulle word nooit deur God aangekla nie. Hulle word nooit deur God veroordeel nie. Hulle sondes word nooit ooit aan ander bekendgemaak of oopgemaak nie.

Lees gou weer 1 Joh. 4:17. Hoekom hoef julle ook nie enige vrees vir die oordeelsdag te hê nie, net soos die gelowiges in die Bybel?

Want Jesus is ons dinamo in die Hemel! Hy draai alles om. Hy is die Seun van God wat onskuldig deur God veroordeel is, sodat God ons as Sy aangenome kinders, nooit ooit sal veroordeel nie. God hou niks teen Sy kinders nie. Hy is nie teen ons nie, al sondig ons, Hy is vír ons.

**7. <u>Ketels kan maar net glo in die opwekker</u>**

Kom ons lees Gal. 2: 16 en 21:

*"[16] En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie. [17] As uit ons soeke na vryspraak in Christus geblyk het dat ons ook sondaars is, beteken dit dan dat Christus in diens van die sonde staan? Beslis nie! [18] Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder. [19] Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, [20] en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. [21] Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het."*

Wat moet ons doen sodat God ons genadig is en nooit ooit veroordeel vir ons sondes, en dit teen ons hou nie? Net soos met 'n dinamo! Die ketels aanvaar maar net die krag wat die dinamo opwek. Hulle pleit nie daarvoor nie. Hulle soebat nie daarvoor nie. Hulle hoef niks anders te doen as maar net te aanvaar dat die dinamo alles in die kragsentrale doen om die krag op te wek nie.

Ons hoef maar net te glo in Jesus. Wat moet ons glo? Ons moet glo dat alles wat ons verkeerd gedoen het, is Hý voor aangekla, sodat God ons nooit aankla of iets teen ons hou nie.

Dink net 'n bietjie aan sondes wat swaar op jou gewete lê!

Die Evangelie het dit álles voor God weggevat. God hou nie hierdie sondes teen jou nie. Hy gaan jou nie beskuldig daaroor nie. Hy gaan hierdie sondes van jou nooit aan iemand anders bekendmaak nie.

In God se hart dink Hy nie jy is 'n dief, of 'n leuenaar, of 'n perverse mens of 'n ongehoorsame mens nie. Hy hou nie sulke dinge teen Sy kinders nie. Hy dink net aan hulle as – Sy kinders – maak nie saak wat hulle gedoen het, of besig is om te doen nie.

**8. <u>Dinamo's laat ketels kook</u>**

Wanneer 'n dinamo krag opwek in 'n kragsentrale en dit deur die bruindraad in 'n ketel invloei – wat gebeur binne-in die ketel? Kan só 'n ketel koud en stil wees?

Nee, hy gloei en binne minute bruis en borrel dit soos hy kook, want daar vloei krag binne-in die ketel in.

Wat gebeur as Jesus ons veroordeling omdraai in die Hemel deur God se genade en vryspraak na ons toe te laat vloei deur die Evangelie, die bruindraad, en ons dit deur die kontakpunt van Geloof in ons lewens ontvang?

Kom ons lees Gal. 4:4-7:

*"4 Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe 5 om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. 6 En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! 7 Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak."*

God se genade vloei binne-in ons in. Dit is die gawe van die Heilige Gees! God se genade word in die Hemel omgedraai en ons ontvang nie God se woede nie, ons ontvang God se genade binne-in ons, deur die Heilige Gees.

Wanneer God se genade binne-in ons invloei, word ons van binne nuut en begin ons vir God leef.

- Ons word mense wat God aanroep en vereer as Vader.
- Ons word mense wat nie bang is vir God dat Hy iets teen ons hou nie, of ons vir iets wil beskuldig, of iets van ons gaan bekendmaak vir die hele wêreld om te weet nie.
- Ons word mense wat na God gaan en Hom as Vader aanroep.
- Ons word mense wat met Hom gaan praat oor ons sondes, want Hy hou dit nie teen ons nie.
- Ons word mense wat met Hom gaan praat oor ons werke, want Hy sal ons nooit oor iets aankla nie.
- Ons word mense wat dinge vir God probeer doen, want ons is vry van enige veroordeling van God oor ons en ons werke.

**9. 'n Ketel se koord moet nie omgedraai word nie**

Kom ons lees Gal. 5:1: *"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie."*

Hoe staan 'n mens vas in die vryheid dat God nie iets teen ons hou nie, en dat Hy ons nooit veroordeel nie?

Ons blý glo in Jesus wat alles vir ons omdraai!

Hoe probeer mense en ons eie gewete ons weer laat voel dat ons nie meer vry is nie, en dat God iets teen ons het en ons wil aankla en veroordeel?

Volgens Gal. 5:4 – draai hulle die bloudraad en die bruindraad om!

*"4 Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur."*

Hoekom het baie Christene nog nie die vryheid om na God te gaan en Hom in alles as Vader te vertrou en aan te roep nie, ook nie met die probleem van sonde nie?

Want baie geestelikes draai die drade om! Dan help dit niks dat Jesus alles in die Hemel omdraai nie, want onder op die aarde draai mense ketels se drade om, en dan hoor hulle nooit die vryspraak wat deur die bruindraad kom nie.

Daarom, maats, onthou wat die Bybel sê: staan vas in jou vryheid om die waarheid te hóór – **Jesus draai alles om** – en staan vas in die vryheid om dit te gló – dan sal jou hart ook begin gloei en werk vir God: Hy veroordeel ons nooit nie, Hy spreek ons vry.

**10. <u>Ons name is in die ander boek</u>**.

Kom ons lees weer Openbaring 20:11 tot 15:

*“[11] Toe het ek ŉ groot wit troon gesien en Een wat daarop sit. Die aarde en hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. [12] Ek het die dooie , groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook ŉ ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het. [13] Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. [14] Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. [15] As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.”*

Mense wat nie in Jesus se lyding onder Pontius Pilatus vir hulleself glo nie, se name is in die groot boeke opgeskryf waarin alles staan wat mense gedoen het.

Dit is die boeke volgens die Wet.

Maar daar is ook 'n ander boek: die Boek van die Lewe. Ons name staan in daardie boek. Dit is die boek met die name van die kinders van die Here.

Met hierdie beeld word daar duidelik gesê dat ons nooit ooit in God se hof gaan staan nie. Ons gaan nie na 'n hof toe nie, ons gaan na die woning van God, ons Vader, toe!

**11. <u>Ons kry nie name volgens ons sondige dade nie, ons kry net één naam</u>**

God gaan ons nie name gee v<u>olgens</u>~~ir~~ die sondes wat ons gedoen het nie. Ook vandag kry ons nie name volgens die sondes wat ons doen nie. As ek steel, noem God my nie Sy dief nie. As ek gesag minag, noem God my nie Sy rebel nie. As ek seksueel losbandig is, noem God my nie Sy pervert nie. As ek mense vloek en moor, noem God my nie Sy moordenaar nie.

Hy noem ons net een naam – al doen ons sonde: “My kind”.

Want Jesus draai ons oordeel om na vryspraak! Hy is die Vader se enigste Seun, en Hy het Sy Seun ŉ godlasterlike sondaar laat noem, sodat God óns wat sondaars is, Sy kinders kan noem.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________

Handtekening: ouer of voog